Lid Van Beslote Korporasie En Persoonlike Aanspreeklikheid?

Volwassenes Op Agtien

Kuberkrakers En Die Registrasie Van Jou Domein-Naam

Besoedelde Grond : Wees Versigtig!

Die Fietsryer, Die Slaggat En Die Goue Padreël

Nuwe Prosedure Vir Die Betaling Van SARS / Doeane

Invoerders – Wat Staan Jou Te Doen As SARS Beslag Lê

Webwerf Van Die Maand : “Quirkology” En Bemarking

Gestig 1962

HONEY
PROKUREURS

Tel +21 (021) 941 7777 | Faks +21 (021) 941 7800 | www.honeyattorneys.co.za | office@honeyattorneys.co.za

Die inligting in hierdie dokument is van algemene aard en word nie beskou as regsadvies nie

LID VAN BESLOTE KORPORASIE EN PERSOONLIKE AANSPREEKLIKHEID?

Een van die belangrikste redes waarom regsentiteite gebruik word, is om jou persoonlike boedel te beskerm teen besigheidsrisiko's. Daar is wel beperkte gevalle waar jy persoonlik aanspreeklik gehou kan word vir skulde van 'n beslote korporasie (soortgelyke reëls geld ook vir maatskappye).

Onlangse uitsprake het weereens die risiko's uitgewys: 'n Beslote Korporasie se tjeks moet die **korrekte naam, beskrywing en registrasienommer** bevat. Verskyn dit nie op die tjek nie, kan die lede persoonlik aanspreeklik gehou word deur die houer van die tjek. Die Appèlhof bevind trouens dat die houer van die tjek jou persoonlik aanspreeklik kan hou, selfs waar hy geweet het dat daar met 'n BK handel gedryf geword en daar geen verwagting was dat die lid persoonlik aanspreeklik sal wees op sterkte van die tjek nie. Die persoonlike aanspreeklikheid ontstaan dus outomaties sodra die tegniese voorskrifte nie nagekom word nie. In die betrokke geval het 'n maatskappy 'n omskepping gedoen na 'n BK as regsentiteit, sonder om die tjekboeke te laat verander. Hierdie eenvoudige oorsig het die lid R65 000,00 uit sy persoonlike sak gejaag om vir die tjek in te staan en dan sou daar ook 'n stewige kosterekening betaalbaar wees;

Bovermelde voorgeskrewe inligting moet ook op alle kennisgewings en ander amptelike publikasies van die korporasie verskyn, waarby ingesluit fakture, briewe ens. (die definisie word wyd uitgelê en sluit gedrukte en elektroniese dokumentasie in) – indien jy onseker is of jy aan die voorgeskrewe vereistes voldoen, verkry eerder advies hieroor;

In die geval waar die pos van rekenkundige beampte vir langer as 6 maande vakant is (dit kan gebeur waar jy 'n rak BK aanskaf en nie terselftertyd die nuwe rekenkundige beampte by CIPRO registreer nie). Gebeur dit, is die lede outomaties gesamentlik aanspreeklik vir alle skulde wat die Beslote Korporasie aangaan;

Enige handelsoptrede wat roekeloos beskou kan word of enige handelsoptrede wat die aparte regsentiteit van die BK misken; is uiters gevaarlik. Hier is 'n hele paar grys gebiede. Hou dus altyd behoorlike rekord van die BK se sake sodat jy kan aantoon dat dit apart gehou is van jou persoonlike sake. Jy wil ook alyd kan aantoon dat die BK in tye van finansiële nood, nie enige verdere skulde ten koste van die skuldeisers van die BK aangegaan het nie.

VOLWASSENES OP AGTIEN

Vanaf 1 Julie 2007 word 'n persoon by bereiking van sy of haar agtiende verjaarsdag meerderjarig, nie meer op 21 soos in die verlede nie.

Dit beteken 'n 18-jarige persoon is in geheel handelsbevoeg wat kan trou en kontrakteer, sonder die toestemming of bystand van sy of haar ouers of voogde.

Daar rus dus ‘n verdere verpligting op ouers en voogde om hul tienderjariges ook voor te berei en bewus te maak van die risiko’s van kontraksluiting. Die belangrikste hiervan is seker om nie enigiets te teken of te onderneem voordat hul die volle implikasies besef en die omvang van die verpligtinge van ‘n ooreenkoms verstaan nie.

KUBERKRAKERS EN DIE REGISTRASIE VAN JOU DOMEIN-NAAM

In die Internet-era is dit belangrik om die regte domein-naam beskikbaar te hê om vir jou webwerf en e-pos te gebruik. Dit kan dus uitloop op ‘n duur hofsaak indien ‘n kuberkraker of mededinger “jou” domein-naam registreer voordat jy dit self doen.

Gelukkig is daar ‘n vinnige en kostedoeltreffende manier om die registrasie van ‘n domein-naam aan te veg.

Jy sal moet kan aantoon dat die registrasie misbruik maak van jou regte; dws op ongeoorloofde wyse voordeel trek uit of inbraak maak op jou regte – voorbeelde hiervan is kuberkraak (of kuberplakkery) en onregmatige mededinging; of aanstoot gee; dws indruis teen die goeie sedes, - byvoorbeeld rassistiese of seksistiese name (aanstootlike name sal in elk geval verbied word en kan nie gebruik word nie).

Ons het intussen die eerste geval gehad waar ‘n dispuut besleg is met behulp van die nuwe ZADRR regulasies. ‘n Beregter van SAIIPL (South African Institute of Intellectual Property Law) moes uitspraak gee waar twee besighede aanspraak gemaak het op ‘n handelsnaam wat oor baie jare deur beide gebruik is – 18 jaar in die een geval en 27 jaar in die ander geval.

Die een het die handelsnaam gebruik om ‘n domein-naam te registreer; die ander besigheid het hierteen beswaar gemaak. Die beswaarmaker kon egter nie oortuigend aantoon dat die naam uniek was en in die beswaarmaker vestig nie; die registrasie kon dus nie ongedaan gemaak word nie. Dit illustreer ook weereens hoe belangrik dit is om jou handelsmerke te laat registreer.

Die prosedures is redelik eenvoudig, maar die betrokke regsgebied is kompleks en gespesialiseerd. Dit sal jou dus baat om behoorlike advies te verkry ten einde jou besware behoorlik te formuleer en effektief aan te bied.

BESOEDELDE GROND : WEES VERSIGTIG!

Moenie sommer grond koop sonder om eers seker te maak of dit dalk gekontamineer is nie. Nuwe wetgewing word tans voorgestel wat omvattende waarnemings- en rehabilitasiepligte op die eienaars van grond plaas.

Waar die betrokke beampte bepaal dat ‘n spesifieke stuk grond tot rehabilitasiegrond (“remediation site”) verklaar word, sal die eienaar nie die grond mag verkoop en oordrag daarvan gee sonder Ministeriële toestemming nie. Hierdie toestemming sal slegs verleen word waar die koper bewus is van die probleem en dit binne ‘n aanvaarbare tyd gaan aanspreek.

Alle aanduidings is dat die wetgewing terugwerkend van krag gemaak gaan word. Die risiko faktore is ook wyd gedefinieer, so verkry eerder advies as dit op jou of jou besigheid van toepassing mag wees.

DIE FIETSRYER, DIE SLAGGAT EN DIE GOUE PADREëL

‘n Fietsryer het onlangs ‘n groot eis teen die Provinsiale Owerheid ingestel. Die eis spruit uit beserings wat na bewering opgedoen is toe hy moes uitswaai vir ‘n reuse slaggat in ‘n openbare pad.

Daar was wel ‘n swak punt met hierdie eis. Die gewraakte slaggat was in die middel van die pad. Reg in die middel, tussen die twee sperstrepe in die middel van die pad!

Die Hooggeregshof het die eis van die hand gewys. Die Hof bevind dat die fietsryer die basiese padreël verontagsaam het deur nie aan die heel linkerkant van die pad te ry nie.

Dit onderstreep weer aan alle padgebruikers dat indien die padreëls nie nagekom word nie, dit as nalatig beskou kan word. Ook dat dit belangik vir fietsryers is om aan die kant van die pad te ry.

NUWE PROSEDURE VIR DIE BETALING VAN SARS / DOEANE

SARS het bekend gemaak dat die genomineerde rekeningbetaling wat deur FNB administreer is net tot 31 Julie 2007 in die huidige formaat gebruik kan word.

In die plek hiervan kom ‘n begunstigde ID stelsel wat deur FNB, ABSA, Standard Bank en Nedbank bedryf kan word.

Indien jy by enige ander bank as die vermelde vier grotes bank, moet jy van SARS eFiling gebruik maak waar jy elektroniese betalings maak.

Verdere besonderhede is te vinde op die webwerf. (Kies “SARS payment options“ onder die “Taxes” menu). (www.sars.gov.za)

INVOERDERS – WAT STAAN JOU TE DOEN AS SARS BESLAG LÊ

Indien SARS vermoed dat ‘n onderverklaring van die waarde van ingevoerde goedere gemaak is, beskik dit oor ‘n paar opsies, waaronder beslaglegging op die betrokke goedere.

SARS kan die goedere onthef van beslaglegging, onderhewig aan die verskaffing van voldoende sekuriteit in die vorm van ‘n voorlopige betaling.

SARS sal dan hul eie waardebepaling doen en indien van toepassing, sal hulle verdere boetes hef of goedere verbeurd verklaar. Hou in gedagte dat die onus op die invoerder rus om SARS se waardasie verkeerd te bewys; so hou maar ten alle tye behoorlik rekord van die invoerproses.

In ‘n onlangse saak voor die Appèlhof is bevind dat ‘n invoerder die waarde van ‘n besending goedkoop skoene onderverklaar het; swaar boetes is gevolglik hiervoor opgelê.

Daar is ook op twee ander besendings beslag gelê; hier is R900 000 se sekuriteit inbetaal, maar na twee jaar het SARS nog geen waardevasstelling gemaak nie.

So ‘n lang vertraging in die afhandeling van die aangeleentheid kan natuurlik groot druk op ‘n besigheid se kontantvloei plaas. Die Hof bevind dat SARS die goedere waarop beslag gelê is, asook die sekuriteite wat gehou word aan die eienaar moet terugbesorg, nadat ‘n redelike tyd verloop het waarbinne SARS hul ondersoek kon afhandel. “Redelike tyd” word nie omskryf nie. Ons doen aan die hand dat waar jy behoorlik rekord hou van die situasie en almal se optredes; en waar jy ten volle saamwerk met die Doeane ondersoekers; die goedere weldra aan jou vrygestel sal word.

WEBWERF VAN DIE MAAND : “QUIRKOLOGY” EN BEMARKING

Al ooit gewonder watter invloed jou van op jou lewe het? Al ooit gewens dat jy verseker kan weet wanneer iemand vir jou leuens vertel? Al ooit gewonder hoe jy makliker met mense oor die weg kan kom? Maak ‘n draai by die webwerf te www.richardwiseman.com/quirkology/index.html en vind uit.

Die betrokke “sielkundige” navorsing is fassinerend. Dink bietjie lateraal en kyk of jy jou nuutgevonde insigte in menslike gedragspatrone kan inkorporeer in ‘n toekomstige bemarkingsplan.

Kyk ook na die webwerf te http://www.telegraph.co.uk/connected/main.jhtml?xml=/connected/2007/05/01/nquirky101.xml het ondersoek ingestel na watter kleur donasiehouers en watter tipe boodskappe die beste skenkingsresultate opgelewer het; iemand wat sy verkoopsyfer wil opstoot behoort goeie idees hieruit te kan put.
Kyk ook hoe jou naam en van jou lewenssukses kan beïnvloed. Al ooit gewonder of jy jou getroude van moet gebruik? Watter name kan jy oorweeg vir jou kind?

Hoe kan ons geheue gemanipuleer word? Verander word? Vind uit by http://www.richardwiseman.com/quirkology/Totalextract.html.

Onderwerpe so uiteenlopend soos die mag van positiewe denke, humoristiese eende en die beste aanknopingsgesprekke ("pick-up lines") kom aan die beurt. Sien die atikels op die www.newscientist.com/channel/being-human/mg19426031.700-a-quirky-look-at-our-quirky-species.html New Scientist webwerf.

Laastens, daar is ook 'n verskeidenheid videogrepe te sien by http://www.richardwiseman.com/quirkology/stuffvideo.html

Tel +21 (021) 941 7777 | Faks +21 (021) 941 7800 | www.honeyattorneys.co.za | office@honeyattorneys.co.za

As u enige verdere navrae het of bystand benodig kontak ons gerus by:

Litigasie:
George de Beer *george@honeyattorneys.co.za*
Nic Barnaschone *nic@honeyattorneys.co.za*
Christo Potgieter *christo@honeyattorneys.co.za*

Kommersiële Afdeling:
Johan Vermeulen *johan@honeyattorneys.co.za*

Eiendom & Aktes Afdeling
Jacques du Toit *jacques@honeyattorneys.co.za*
Danie de Villiers *danie@honeyattorneys.co.za*
Charles Koegelenberg *charlesK@honeyattorneys.co.za*
Bronwyn Brink *bronwyn@honeyattorneys.co.za*

Honey Bloemfontein: Tel: 051 403 6600
Honey Johannesburg Tel: 011 656 1452